

HERFS

NUUSBRIEF



“To live in this world,
you must be able
to do three things:
to love what is mortal;
to hold it against your
bones knowing your own
life depends on it;
and, when the time
comes, to let it go.”

Mary Oliver



INVIA GEMEENSCHAP

VOORWOORD

Dit voel asof ons skaars die nuwe jaar met verwondering begroet het, en nou reeds voel dit asof die winter sy koel vingers teen ons deur kom lê. Terwyl die bruisende energie van somer stadig afneem, word die wêreld stadig toegevoeg in 'n dowwe omhelsing, wat vir ons iets belangrik en betekenisvol wil sê.

Dit is 'n tyd van transformasie, 'n heilige oorgang waarin die uitbundigheid van somer oorgee aan die onvermydelike, lewensnoodsaaklike reën van winter.

Hierdie oorgang vind ook in ons harte plaas. Hier kan gebed en aksie ons nader daaraan bring om God se teenwoordigheid in alles raak te sien, selfs in die herfs, wanneer die geel, oranje en vuurrooi blare ons nooi om afskeid te neem van dit wat nie meer lewenskragtig is nie.

Die seisoene kan ons leer hoe die hart werk.

Bome dwing niks af nie – hulle aanvaar eenvoudig die natuurlike siklus. Blare val nie omdat die boom besluit het om hulle te laat gaan nie, maar omdat dit deel is van 'n dieper, ondeurdringbare proses. Hierdie oorgawe is 'n gawe, 'n aanvaarding wat verby menslike beheer of keuse strek.

Herfs is 'n seisoen van oorgawe, 'n heilige dans tussen volheid en stilte, 'n uitnodiging om God se hand te herken in beide verlies en belofte. Mag ons hierdie seisoen met geloof en oorgawe omarm, met harte wat bid, hande wat liefhet en lewens wat vrug dra.

Geniet die herfs!

- Theo





HEILSAAM



InVia staan nou by die mooiste drumpel – 'n geografiese en geestelike kruispad waar jare se wag, onwrikbare geloof en diepe verlange uiteindelik 'n tasbare werklikheid word.

Ons staan soos digters wat 'n vers skryf, met ons harte vol woorde wat nog nie heeltemal gesê is nie, met ons hande wat 'n ruimte omhels wat ons nog net in ons verbeelding betrek het.

Ek glo die wag was nie tydmors nie, maar 'n belangrike deel van ons voorbereiding. Dit is maklik om mooi praatjies te hou oor gebed en aksie, maar om werklik 'n lewe van toewyding te lei – om jouself met opregte liefde oop te stel vir die wêreld se pyn en behoeftes – is 'n veel groter uitdaging en vereis behoorlike onderskeiding. Ek glo dat wag deel was van die voorbereiding. Ons is beslis nie fynproewers van wysheid nie, net beginners wat steeds leer, en soms voel dit asof InVia se reis nou eers werklik begin het.

Drie keer het ons 'n moontlike tuiste vir InVia oorweeg. Telkens het ons gewag, geluister en nie die eerste beskikbare opsie aanvaar nie. Vandag kan ek met dankbaarheid terugkyk en sien hoe hierdie tyd van wag en soms teleurstelling ons visie gevorm het en ons droom verruim het tot iets veel meer as net 'n plek om byeen te kom.

Baie van julle weet nou al dat die Here, in sy getrouheid en sorg, 'n wonderlike deur geopen het wat InVia in staat gestel het om 'n permanente tuiste te vind waar ons ons droom kan herberg.

Hier is 'n paar foto's van waar die plek geleë is en hoe dit daar lyk. Ons droom van ruimtes waar honderde mense na liggaam, siel en gees bedien kan word.



Die plek gaan bekend staan as Heilsaam. Die naam "**Heilsaam**" is geïnspireer deur Jesaja 48:17:

"Ek is die Here jou God, wat jou leer wat heilsaam is, wat jou lei op die pad waarop jy moet gaan."



Ons voorsien ook dat Heilsaam selfonderhoudend sal wees en dat die fasiliteite die gemeenskap sal dien.

In Mei begin ons okkupasiehuur betaal en kan ons gedeeltelik van die fasiliteite begin gebruik maak, totdat ons aansoeke by die munisipaliteit goedgekeur is om alles waaroor ons droom daar te doen.

Ek en Cor lei tans die projek en het reeds begin met die nodige goedkeurings, argitekplanne en voorstellings.

Ons sal julle op hoogte hou van wanneer die groot migrasie gaan plaasvind! Ons seisoen by Weltevreden het ook tot 'n einde gekom, aangesien daar planne is om die ruimte waar ons tans vergader in 'n kelder te omskep.



Bid asseblief intussen vir die guns wat ook nou nodig is om die nodige goedkeurings en finansies te kry.

Theo

WELKOM

Sy InVia Span

Dis vir ons baie lekker om twee (nuwe, maar o so bekende) Van der Merwes by InVia se personeelspan te verwelkom!


Melissa was al deel van ons span en dit het nie eintlik gevoel asof sy ooit weg was nie, want sy was nie. Melissa het nog altyd 'n bewese invloed gehad op ons gemeenskap. Sy het 'n hart vir mense en 'n kop vir vrae. Verder kan sy verbande tussen oënskynlike teenstellings trek soos min ander omdat sy so skeppend is in alles wat sy aanpak.

Sy is nie bang om een oomblik pleisters af te trek van gapende wonde af en die volgende oomblik verbande te plak waar dit nodig is nie. Sy is 'n heler by uitstek omdat sy ook haar eie gebrokenheid kan vashou en deel. Sy is 'n vroedvrou wat saam met mense kan sit in hulle pyn en onsekerheid. Sy is 'n ongelooflike *teacher*, omdat sy die lewe se kompleksiteit in eenvoud en helderheid kan oordra. Juis daarom is sy 'n aanwinst vir ons gemeenskap se kinders, waar sy hierdie keer betrokke is. **Sy is tuiskoms.**

Welkom terug, Milla.



Melissa het nog altyd 'n bewese invloed gehad op ons gemeenskap. Sy het 'n hart vir mense en 'n kop vir vrae



Grethe is al geruime tyd deel van InVia en betrokke by die musikspan. Ons kon aanvanklik nie ons geluk (of genade) glo dat sy haar uitsonderlike musikale gawe as pianis en sangeres ook met ons kom deel het nie! In haar nuwe kapasiteit as dienskoördineerder ('n groot woord vir koster of hoofmeisie) kan sy ook een van haar vele ander gawes – naamlik om struktuur in plek te sit en kosmos in chaos te sien – uitleef.

Grethe het klassieke musiek en kabaret studeer en het die rare gawe om die taal van kunstenaars en korporatiewe denke ewe goed te kan bemeester. Sy is 'n nugter, oopkop wese wat die plaas (waar sy vandaan kom) en die stad – verskillende landskappe – ewe goed kan navigeer en vir ander rigting gee. Ons kon nie vir 'n beter mengsel van 'n mens en 'n *fit* vir ons span gevra het nie.

Welkom, Grethe.

IN sirkels

By InVia verkies ons die term "sirkels" bo "klein-", "sel-" of "omgegroepe". Hierdie formaatkeuse is doelbewus en betekenisvol. Die sirkel bevorder natuurlike oogkontak en skep 'n ruimte waar ons mekaar waarlik "van aangesig tot aangesig" kan ontmoet.

Dit verteenwoordig volmaaktheid en herinner ons aan die sikliese bewegings wat so dikwels in die natuur voorkom – soos die wenteling van die aarde of die natuurlike opeenvolging van seisoene.

Die sirkel staan as diepsinnige simbool vir heelheid, eenheid en die ewigheid. Dit versinnebeeld 'n gemeenskap waar elkeen ingesluit word, waar almal gelyk is, en waar ons saam deel vorm van 'n groter geheel wat meer is as die som van sy dele.

Die simboliek van die sirkel is besonder kragtig.



IN sirkels



Miskien het die eerste gelowiges iets hiervan verstaan. Die vroeë kerk het in huise byeengekom, en groter samekomste het dikwels in sirkelvorm plaasgevind.

Anders as tradisionele kleingroepe wat hoofsaaklik op die oordrag van inligting fokus, skep 'n sirkel 'n ruimte vir die ervaring van ware egtheid waar God se teenwoordigheid tasbaar is.

Hierdie formasie help ons om fasette van onself raak te sien wat andersins verborge sou bly. In hierdie heilige ruimte ontvang ons die kosbare geskenk van heelheid, eenheid en 'n voorsmaak van die ewigheid in ons daaglikse bestaan.

Sirkels word ook 'n besondere luisterruimte: waar ons nie net praat nie, maar waarlik luister – na onself, na mekaar, en na die sagte fluistering van God se stem.

Tans het ons verskeie sirkels wat gereeld bymekaarkom, elk met hul eie unieke ritme en dinamiek. Sou jy enige navrae hê, staan die kantoor gereed om jou te help. Ons groepe is reeds wyd versprei oor verskillende gebiede, en ons is opgewonde om binnekort 'n nuwe aanlyn-groep te begin.



Theo

Onderskeidings **TYDPERK**

Tydens ons onlangse onderskeidingstydperk by Umami in Franschoek, is daar geskiedenis gemaak:

Ons oudste deelnemer nóg het haar 81ste verjaarsdag saam met haar medepelgrims in die berg gevier. Onderskeidingstydperke laat jou nooit onveranderd nie...

In hierdie Onderskeidingsperiode-naweek het ek 'n klein kykie ervaar van toe Jakob uit sy slaap wakker geword het en uitgeroep het: "God is werklik in hierdie plek – waarlik ... en ek het dit nie eers geweet nie!"

En ja, soos hy was, is ek steeds: vreesbevange – maar ek kan ook in verwondering fluister:

"Ongelooflik. Wonderlik. Heilig ... inderdaad 'n titseltjie hemel."

NS: Moet nie dat 'n paar strepies grys hare in jou pad staan om 'n Ervaring te beleef wat jou lewe vir altyd sal verander nie!

Fran



Onderskeidings **TYDPERK**

Lewensveranderend!! Dit is die woord wat die onderskeidingstydperk die beste opsom, en my gebed is dat elkeen op 'n stadium 'n geleentheid kry om so iets te ervaar. As 'n persoon wat nog altyd redelik "in beheer" was van my lewe tot dusver, 'n persoon vol selfvertroue en plannetjies, het my oë waarlik oopgegaan gedurende my tyd by Umami. **Die gesprekke is diep, die konneksies is real, en die besef dat God Almagtig is – 'n besef wat duidelik en sonder twyfel na vore kom terwyl mens in die "woestyn" is – is onbeskryflik!**

Francois

Dit was aangrypend om ander mense se stories te hoor en te besef hoe ander eintlik meer as ek swaarkry. Om met elkeen en hul storie te kon connect was baie besonders. Om alleen in die natuur te wees het my laat besef dat ek baie sterker is as wat ek gedink het. **Ek het so baie lesse oor myself geleer en ek verstaan nou soveel beter hoe om vorentoe te beweeg.** Dit was absoluut 'n voorreg om daar saam met almal daar te kon wees. Dit was fantasties.

Magda

Die *heartquest* was 'n ongelooflike ervaring. Die wysheid en diep omgee van Theo en Simon skep 'n platform om diep introspeksie te kan doen. **Ek het nog nooit soveel kalmte en stilte ervaar waar ek kon connect met God, myself en die natuur soos tydens hierdie naweek nie.** Dit was lewensveranderend.

Liisa



ENNEA GRAM

Ons bied hierdie jaar drie Enneagram-kursusse aan, waarvan die laaste een in Engels is. Loer gerus na die terugvoer van ons eerste groep wat hierdie proses saam meegemaak het.



Wat vir my die waardevolste ervaring van die Enneagram was, was dat dit gevoel het of ons (as 'n uiteenlopende groepie mense) almal daar weggestap het met 'n sagter lens waardeur ons onself, mekaar en die ander mense in ons lewens beskou. Om jouself toe te laat om waarlik gesien te word deur ander en die voorreg te hê om ook toegelaat te word om hulle te sien, is 'n baie spesiale, amper heilige, belewenis.

Kari

Baie dankie vir 'n wonderlike kursus. Ek dink hierdie kursus was lewensveranderend vir my. Dit het vir my baie geleer van myself en van ander mense, en my somer weer nuwe moed en hoop vir die mensdom gegee. Hierdie is iets wat ek met my sal saamdra en laat aanhou leer vir seker die res van my lewe.

Dit het op 'n tyd in my lewe gekom waar ek maar redelik moedeloos en baie bekommerd was. Maar ek het nuwe moed, dankbaarheid en verligting ervaar na die kursus en my gesprekke met Wilma. So weereens baie dankie; dit was baie spesiaal en waardevol.

Madelein



THE ENNEAGRAM

doesn't put you in a box
— it shows you the box
you're already in,

and how to get out of it.

– Fr. Richard Rohr

Ek oorweeg dit al lank om die Enneagram te doen, maar wou dit graag saam met my man Dieter doen. Hy het gelukkig uiteindelik ingestem – na Wilma se oorreding! Dit was definitief interessant en besonder insiggewend om meer oor jou eie nommer te leer, maar ook oor die mense na aan jou. Dit het vir ons twee ook die geleentheid gebied vir dieper gesprekke daar rondom.

Die Enneagram het 'n reis van selfondersoek aan die gang gesit en ek sien uit daarna om voort te bou op die insigte wat ons verkry het. Soos Wilma genoem het: die leerproses stop nie by die vierde dag as jy by die kursus uitloop nie. Dis iets wat jy op die res van jou lewensreis saamneem en jouself heeltyd aan moet toets en herinner, anders gaan jy nie groei nie. En die doel van die lewe is tog om heeltyd te probeer groei om die beste weergawe van jouself te wees!

'n WOW-oomblik vir my was toe ek uiteindelik die konsep van die vals self vs. die ware self begryp het ... ek het nie besef daar is so baie plekke in die Bybel wat daarna verwys nie. Ek kyk nou met 'n nuwe, vars bril daarna – Wilma het dit SO mooi geïllustreer!

Een van die aspekte van die kursus wat 'n groot impak op my gehad het is die praktiese hulpmiddele wat in die alledaagse lewe toegepas kan word. Wilma het ons uitgedaag om elk 'n paar te kies om toe te pas. Sy was briljant met haar aanbieding, nie net met haar kundigheid op die gebied nie, maar ook haar ontsaglike deernis in so 'n kwesbare spasie – ons groepie was vir die vier dae in 'n heilige ruimte wat vir ons geskep is.

Ek is dankbaar vir die geleentheid wat ons kon hê om hierdie reis mee te maak en opgewonde om voort te bou op wat ons geleer het. Dit was 'n waardevolle ervaring wat ek vir enigiemand sal aanbeveel!

Carla



Datums van opkomende Kursusse
(albei naweke verpligtend):

- 21-22 Junie & 26+27 Julie
 - 16-17 Aug & 13-14 Sept - **ENGELS**
- Koste: R2950pp (R1000 deposito)

Besoek gerus www.invia.org.za/kursusse

ENNEAGRAM

vir jongmense

Die Enneagram vir jongmense word aangebied vir jongmense tussen die ouderdom van 16 en 21 jaar. Die groep het aktief deelgeneem en dit het vir interessante gesprekke gesorg!

Om te leer oor die Enneagram was regtig 'n groot ontdekking vir my. As 'n tipe 8 het ek altyd gedink ek is net iemand wat beheer nodig het en baie onafhanklik is. Maar om meer oor die Enneagram te leer het my gehelp om te verstaan hoekom ek is soos ek is: hoe ek hardkoppig kan wees, maar ook sukkel om sensitief te wees. Ek het besef dat ek soms mense wegstoot om myself te beskerm, wat eintlik 'n verdedigingsmeganisme is.

Die kursus het my ook laat insien hoe ek meer oop kan wees teenoor ander mense se gevoelens en meer inklusief kan wees, eerder as om altyd in beheer te wil wees. Dit het my gehelp om te reflekteer oor hoe ek my sterkpunte kan balanseer met meer empatie en vertroue. Dit het my ook laat verstaan hoekom sommige mense konflik vermy of anders as ek optree. Ek voel ek ken myself en ander nou beter en ek is meer geduldig met mense.

Ava



ENNEAGRAM

vir jongmense

Dit was vir my 'n hele nuwe ondervinding. Ek het nog nooit so rustig geraak en ge-connect met God, die aarde en ander mense nie. Ek het geleer oor al die verskillende tipes mense en hoekom hulle so reageer, en ook oor my vriende, my ouers en oor myself. Ek het geleer hoe om op ander maniere met God te kommunikeer, om mense minder te judge en om al die verskillende mense te aanvaar, al is hulle baie anders as ek.

Aldo

Die Enneagram was vir my vol baie nuttige inligting oor my en veral oor my ouers se persoonlikhede. Dit help my om myself en hulle beter te verstaan: hoe om met hulle te kommunikeer en saam ons swakpunte te kan identifiseer, daarmee te werk en te verbeter. Ek sal dit baie sterk aanbeveel vir enige persoon – veral vir jongmense wat meer oor hulself wil weet en beter wil verstaan. Ek sal definitief meer wil leer oor die Enneagram en nog kursusse (wat selfs in meer diepte elke tipe ontleed) in die toekoms doen.

Clara

Ek het geleer dat die Enneagram nie net 'n persoonlikheidstoets is nie, maar dat dit baie dieper gaan: dit help jou ook op 'n geestelike vlak in jou verhouding met God. Dit wys die 9 maniere hoe jy jou konneksie met God verloor. Byvoorbeeld: een tipe mens dink: "Ek moet eers perfek wees voor God my kan liefhê." Veral vir my as 'n tipe 6 het dit baie dinge verduidelik en hoekom ek sekerheid soek oor alles. Ek verstaan myself (en my ouers en vriende) baie beter.

Lucca

Ek het die Enneagram baie interessant gevind. Dit het die lewe en hoe mense reageer baie duideliker vir my gemaak en dit meer laat sin maak. Ek sal vir enige iemand aanbeveel om die Enneagram toe doen.

Christiaan

"The Enneagram
doesn't tell you who
you should be. It **helps**
you understand who
you already are —

*and how to
grow from
there. "*



LIVING as Love

Living as Love (with the Guidance of the Enneagram) is 'n opvolkursus nadat jy reeds die Enneagram gedoen het, jou nommer 'gevind' het en begin bewus word het van jou ego-patrone.

Ons het twee groepe gehad wat die 8-weeklange aanlyn kursus saam gedoen het – een groep het dit soggens gevolg, en ander een saans. 'n Paar mense deel hulle ervaring met ons:



As jong Christen-meisie kon ek nooit verstaan dat die Christendom nie verandering in die wêreld bring nie. Hierdie kursus het my bietjie nader aan die antwoord gebring. Christenskap en konsepte soos liefde vir self en jou naaste was maar net 'n konsep vir my en nie 'n deurleefde energie nie. Met hierdie kursus neem mens die Christen se skadukant in ag en mens kom agter waar jy regtig blind is vir jou eie skadukante. Dit is juis ons eie skadukant wat ons so ongenaakbaar maak teenoor ander.

Veral die insig in jou nommertipe se reaksie op trauma werp baie lig op ons eie reaksies.

Wat my baie diep geraak het was juis die bewegings wat ons gedoen het na afloop van die trauma-bespreking.


Hierdie kursus is gegrondves in goeie lering en bevat ook goed-deurgronde fisiese oefeninge. Die laaste sessie het my diep geraak – ek is nou meer bewus van God in my en om my. Ek voel dat hierdie kursus eintlik verpligtend moet wees. Christene wat hierdie beginsels sal toepas sal beslis deel wees van 'n revolusie van medemenslikheid en selfrespek en dalk kan ons die wêreld tog 'n beter plek maak. Baie dankie ook aan Wilma, wat 'n uiters bekwame fasiliteerder is.

Winnie

LIVING as Love

Living as Love ... seeking to live as love vir my. Dit was liefdevolle aanbiedings, intelligente fasilitering en lekker *buddy*-gesprekke. Ek het weggegaan met 'n diep bewuswording van my unieke deel-wees, saam-wees in 'n allesomhelsende Liefde. Liefde om my en Liefde in my en ek in Liefde. Dankie, dit was regtig *great*.

Ieda



Die Living as Love-kursus het my op 'n heilige manier onkant gevang. Ten spyte daarvan dat ek in my middel 50's is en gedink het dat ek myself ken en die impak van my verlede verstaan, het ek met die kursus insigte ervaar wat my vryer maak. Die Enneagram het groter waarde binne my alledaagse lewe verkry. Van die selfinsig was ook ontstellend, maar ek het nou meer onvoorwaardelike liefde vir myself en menswees; 'n wyer hoop en dieper rus in God.

Aangesien die insigte van elke sessie so dig verpak was, kon ek nie al die inhoud behoorlik deurwerk nie, en ek sien uit daarna om met hulp van die notas die impak van Living as Love verder te verken.

Christine



LIVING as Love


Living as Love het my oë oopgemaak om te sien dat die liefde reeds teenwoordig is.

Dit is oral om my, daar is oorgenoeg vir elke situasie en dit gaan nie net verdwyn nie. Hierdie uitkyk het op 'n manier ruimte gemaak in my binneste en my 'n kapasiteit gegee om na die inhoud van my lewe te kyk – die verlede, die nou en die toekoms – en om nie geïntimideer te voel daardeur nie.

Ongelukkig het al die klippe nie *magically* verdwyn nie, maar dit vat minder plek op. En daar is meer vryheid; meer ruimte vir asemhaal en uitsien! (Ek illustreer dit sommer met 'n prentjie)

Diep dankbaar.

Helani



'N DIGITALE *Apostel*

Met die hele Y2K-debakel waarmee ons die nuwe millennium betree het, onthou ek Leonard Sweet se weergawe van Josua se woorde gedurende daardie onseker digitale tyd:

“But as for me and my mouse, we will serve the Lord.”



Vyf-en-twintig jaar later is muis dalk minder relevant as slimfone, maar die sentiment geld steeds in vandag se duiselingwekkende digitale mallemeule. Dinge is besig. Mal besig!

So, hoekom dan nou nog 'n app?

Want menswees in 2025 vra 'n groot stuk daaglikse digitale interaksie – meestal ongesonde interaksie.

Dink aan die InVia App as 'n digitale apostel wat jou nooit na 'n lafenis in 'n woud van digitale distractions.



Die app is ontwerp vir 'n Afrikaanse, kontemplatiewe, Christelike gemeenskap – en vir enigiemand op soek na 'n dieper, meer betekenisvolle geestelike pad.

Met dié toepie kan jy:

- **Begeleide meditasies en refleksies** ontdek om jou geestelike reis te verdiep.
- Op hoogte bly van **gebeure op die kalender** en spesiale byeenkomste binne ons gemeenskap.
- Praktiese maniere vind om **deel te raak en 'n positiewe impak te maak in jou omgewing**.
- **Musiek luister, Bybel lees en vorige boodskappe verder ontgin:** enige tyd, enige plek.
- **Kennisgewings** ontvang wat jou ondersteun op jou pad van geloof en groei.
- **Skakel met gemeenskapspanne** soos Musiek, Kinderbediening, Bergskool, ens.



Of jy nou 'n jarelange lid van InVia is of net iemand op soek na 'n ruimte om jou geloof te verdiep, laai die app af en kom stap saam met ons hierdie digitale pad.

Wie weet, dalk sou Dawid vandag Psalm 119 so effens anders verwoord het:

*U Woord is 'n lig vir my iPad
en 'n lamp vir my Toep.*

Soek gerus InVia Gemeente op beide Apple se AppStore en Google se Playstore.

IN STILTE

Lent Stil Saterdag

InStilte skep spasies te midde van 'n gejaagde wêreld waar jy, as geliefde van God, saam met mede-pelgrims kan opdaag vir hierdie uitnodiging na ontmoetings met God.

"Lent calls us into the desert – not to escape, but to awaken, not to seek answers, but to surrender to the sacred silence where God already awaits."

– Skrywer onbekend



Die Lent-reis is 'n tyd van afsondering, oorgawe en laat gaan. Om hierdie reis verder te ondersteun het InStilte drie Stil-Saterdag-geleenthede geskep by Rustenberg se tuin en labirint. Dit was 'n tyd om verder te reflekteer wat tydens Lent by elkeen kom neskop het. Inge en haar gesin is nuut in Stellenbosch en deel graag haar ervaring.

Ek het die StilSaterdag met 'n brose hart begin. Die trane het begin vloei die oomblik toe ek die kronkelreis betree. 'n Paar tree in ervaar ek die Gees sê: "Jy mis die liggaam waarvan jy 12 weke gelede weggeskeur is." En daarna die kalm versekering: "Ek ent jou weer in 'n nuwe liggaam wat ek vir jou voorberei het." Die troos het so vinnig soos die trane gekom.


Die kleure van die blomme val my op a.g.v die rouproses waarin ek is. Wit blomme wat doodgaan vir die ou seisoen wat verby is. Rooi blomme wat bloei en uitgiet simboliseer. Pers blomme wat koningskap en karakter in Hom verteenwoordig. Eers toe ek in my binnekant deur die 3 kleure beweeg, kon ek die ander kleur blomme raaksien: blou, geel en oranje!

Annalize het praat van ons verskillende kante en God begin gesels dat baie van die uitdagings in my lewe a.g.v my "hard-op-myself-wees" is, my naam beteken "vriendelik" en ek word herinner aan my ware identiteit in Hom. Soos met ons elkeen se groei, ontdek ek weer nog 'n lagie van my diep oer-oue wond wat ek gedink het ek reeds lank terug agtergelaat het: "Hier is nie 'n plekkie vir my nie en ek't geen bydrae om te lewer nie". Toe God se Lig daarop skyn is ek vry want ek besef dit is wat my depressiwiteit tans veroorsaak. In hierdie nuwe seisoen voel ek nog nie dat ek êrens behoort nie en sien ek nog nie hoe ek betekenisvol hier kan wees nie. Tydens 'n uur stappie in 'n Labirint saam met boeties en sussies kon die Lig my donkerde binnedring...

Inge



INSIG



Ont-dek, Ont-leer, Ont-moet

Ons is tans in die middel van 'n reeks by InSig: Hoe om God se wil vir my lewe te onderskei. Die reeks bestaan uit insetsels van Trevor Hudson waarna ons dan in wegbreek sessies oor Zoom saam reflekteer.

Wat hierdie InSig reeks so uniek maak is die uitnodiging en beoefening van geloofsgewoontes om jou op jou reis te ondersteun en jouself op 'n ander manier oop te maak om God se stem te hoor.

Daar is nog 2 sessies oor, en indien jy graag steeds wil deelneem, kontak asb vir Hilke by Inviagemeente@gmail.com om jou op datum te bring voor ons volgende sessie die 11e Mei.






discernment

"Discernment involves learning to recognise God's active presence and voice so that we can bring our lives into tune with what God is doing and saying.

This journey is rooted in the wonderful Biblical truth that each one of us is "called by name," which reminds us that God has a personal will, a personal calling, and a personal vocation for our life in order to become the unique person that God wants us to be and to those unique responsibilities and tasks that have our name on them. Then it is our responsibility to begin to discern God's will for our lives.

In order to do this, we need to align our hearts with God's heart through surrendering our lives to Him daily."

Trevor Hudson




IN ADVENTURE

Stef Bos-konsert

InAdventure bied hierdie jaar vier geleenthede om saam te kuier rondom 'n avontuur. Aan die begin van die jaar is ons uitgenooi om 'n paar voorstelle te maak. Daar is gestem en besluit op vier geleenthede vir 2025.

Ons eerste geleentheid was in Februarie by Stef Bos se konsert in Kirstenbosch. 'n Wonderlike aand onder die skadu van Tafelberg. Loer gerus na ons ander planne –ons sien uit om saam met jou te InAdventure!



Die konsert was absoluut fantasties. Dit was 'n perfekte somersaand – daar was wel brande êrens in die Kaap, so ons het die helikopters gehoor tussen die voëls.

Baie oulik gereël deur Shikara, lekker om nuwe mense te ontmoet, buite in die natuur te wees, en saam te luister na Stef se woorde wat diep raak – wat 'n wonderlike ervaring.

Mariëcca

IN ADVENTURE

Toe ek sien Stef tree op met "vriende", het ek geweet dit is 'n konsert wat ek nie wil mis nie. My gunsteling Stef Bos-konsert was meer as tien jaar gelede, toe hy nog gereeld met 'n hele band opgetree het.

Dit was 'n beeldskone somersaand in Kirstenbosch. Saam met InVia-mense, maar my familie en hul vriende het ook opgedaag in hul menigte. So dit was 'n lekker mengelmoes van oud en jonk, nuut en bekend. Die effek van die band het my reeds hoë verwagting oortref. En dit was baie spesiaal om gesigte by die stemme te sit; stemme wat ek al jare in sy musiek hoor. Ek praat onder andere van "Die Februarie-susters", 'n koortjie van vroue wat Stef glo in 'n kerkie in Elgin raakgeloop het. Amanda Strydom se verskyning was ook natuurlik 'n hoogtepunt. Stef se storie vertelling en eerlike lirieke neem my op reis deur die landskap van my eie menslikheid.

My ervaring was die van nostalgie, maar terselfdertyd het ek hoopvol en tevrede gevoel.

Daar op die gras, vind ek 'n vergete stukkie van myself. 'n Stukkie van my siel was "re-membered".

Dankie tog vir musiek, en samesyn en die mooi plek waarin ons bly.

Helene



InAdventure datums 2025:

24 Mei: Kaappunt-stap en skons eet

6 Sep: Blomme-stap

22 Nov: Paddelleboarding

INVINO



*In via gemeenskap word
verryk deur Invino ervarings...*

In elke betekenisvolle gemeenskap verbind gedeelde ervarings mense. Vir geloofsgemeenskappe verdiep hierdie interaksies geestelike bande, verryk gesprekke, en versterk begrip en verbintenisse tussen lede. Interessant genoeg is een pragtige manier waarop hierdie verhoudings floreer deur die sosiale samekomste soos Invino.



Op die oog af mag die verbintenis tussen spiritualiteit en wyn dalk ongewoon lyk, maar deur die geskiedenis heen het wyn simboliese waarde gehad binne baie geloofstradisies. Die heilige aspek van wyn is bekend – dit simboliseer vreugde, viering, nagmaal en gemeenskap. Hierdie simboliek vind natuurlik sy weg na sosiale byeenkomste waar gelowiges saamkom om die belangstelling in wyn en mekaar se geselskap te geniet.

'n Wynklub binne 'n geloofsgemeenskap gaan oor meer as net die genieting van goeie wyn; dit handel oor die kweek van betekenisvolle gesprekke, ondersteuning in die kompleksiteit van die lewe, en die deel van wysheid wat persoonlike en geestelike groei versterk. Die gedeelde waardering vir wyn skep 'n rustige omgewing vir egte gesprekke oor geloof, persoonlike uitdagings, oorwinnings, en die subtiele maniere waarop spiritualiteit met die alledaagse lewe verweef is.

Thistle & Weed proe

Invino was bevoorreg en bederf om Thistle & Weed te besoek vir 'n besondere geleentheid waar die kuns van wynmaak uitgebeeld is. Thistle & Weed is 'n Suid-Afrikaanse wynprodusent wat uniekheid omarm deur wyn te skep wat geïnspireer is deur die veerkragtigheid van onkruid wat tussen die Kaapse wingerde groei. Die stigters, Etienne Terblanche en Stephanie Wiid, gebruik plaaslike, dikwels onderwaardeerde wingerde en druifsoorte wat goed by die streek se klimaat pas. Elke wyn word vernoem na plaaslike onkruidsoorte, soos "Khakibos" en "Nastergal", wat hul diep verbintenis tot die Kaap beklemtoon.



BergSKOOL

vir almal wat 'te oud is'

In 'n kultuur van vol programme vir jong tieners is dit baie werd om tyd uit te kerf.

Selfs iets soos kuier, eerder as jaag, word sommer skaars.

Die lewensorgang wat Bergskool "merk" gebeur juis in 'n sirkel, deur gemeenskap en met genoeg geduld om ander se belewenisse langs jou eie te kan sien.



Verlede jaar het ons ons oë toegeknyp en 'n veel groter groep as gewoonlik gehad. Genadiglik het dit uitgewerk, maar ek's bly dat ons hierdie jaar weer gekies het om die groep kleiner te hou.

Ons kyk ook vanjaar wat gebeur as ons die hoeveelheid sessies verminder in ruil vir ekstra tyd per sessie (soos benodig). Sover het ons mekaar nog net een keer amptelik as groep gesien, maar ek's bly om reeds te sien hoe die ekstra tyd vir asem skep in 'n sessie almal goed doen.

Asemskep is nie noodwendig iets wat vanselfsprekend gebeur nie. Ook nie vir jongmense nie.

Adolescence, die nuwe Netflix-reeks, is met goeie rede so opspraakwekkend. Ek gaan nie enige *spoilers* hier deel nie. Ek vermoed dit resoneer so met mense omdat die meeste van ons kan aanvoel hoe werklik belangrik en uitdagend adolessensie is.

Die ingesteldheid van Bergskool is om te onthou dat dit die moeite werd is. Vir almal – of jy nou ’n tiener is of nie.

Hierdie generasie se adolessente is nie almal hier weg met een of ander *social media space ship* of iets na ’n vreemde planeet nie. Hulle is nog hier tussen ons. Besig om uit te werk wat dit is om mens te wees. En om vir ons ook op nuwe maniere daarvoor te leer. Dis altyd treffend om te sien hoe iemand wat onlangs deur Bergskool is so vrygewig hulle aandag en openheid vir ’n volgende groep kan gee.

Dié van ons wat nou nie meer kwalifiseer om self deur Bergskool te gaan nie wens dikwels ons kon dit hê toe ons in daai oorgang was. Wat ons wel almal kan kies, is om iets van Bergskool se gesindheid elke dag te onthou. Aandag en openheid vir die mense wat in ons voetspore moet volg én hulle eie voetpaaië ook moet uittrap.



Vallei

Om 'n tafel, langs die rivier, onder 'n boom

In Januarie daag daar skielik baie tieners op vir die dienste. Ek en Theo gesels en besluit dit sal goed wees as daar weer op 'n Sondag-oggend iets spesifiek vir tieners gebeur.

Ons is meestal net 'n handvol, wat beteken ons kan persoonlik gesels, 'n kort kontemplatiewe gebed of praktyk doen en tyd maak vir 'n paar goeie, behulp same vrae.

Ons begin in die gewone diens en sing eers saam, sien hoe word die kers aangesteek, word saam met almal stil en daarna gaan sit ons buite by 'n tafel of onder 'n boom. Dis doodgewoon, maar ook besonders om so plat op die aarde en gemaklik te kan kuier. Ek sien ook van tyd tot tyd 'n paar nuwe gesigte. Die eenvoud daarvan maak dat dit net so maklik is om iemand vir die eerste keer in te nooi as om 'n bekende gesig te sien.




Ek wil darem nie dat ons onnodig so laag onder die radar vlieg dat iemand dit dalk misloop wat graag sou wou deel wees daarvan nie. **So as jy 'n tiener op hoërskool is of ken, onthou dat ons die meeste Sondae in die kwartaal iewers het vir hulle om saam te kuier.**

Die paar uitsonderings is wanneer ek self preek of nie die oggend daar kan wees nie. Dis ook maklik om te weet waar om te gaan – volg my net by die deur uit voor die prediker begin.

Terwyl ons nog by Weltevreden Estate bymekaarkom en die weer mooi is, sien ek dit as 'n goeie geleentheid om die beste te geniet van so 'n mooi ruimte. Juis omdat dit so anders as 'n konvensionele kerkruijnte lyk.

Dit help ons om iets van die natuur te beleef en vir 'n halfuur of wat op 'n Sondag te onthou hoe God by ons is in ons alledaagse lewens.



Kids@InVia

'n Vreugdevolle Begin van die Jaar

Ons Kids@InVia (voorskool tot Graad 4) het die jaar op 'n wonderlike manier begin deur van Jesus se kragtige gelykenisse te verken—soos die verlore skaap, die verlore muntstuk, die talente en die barmhartige Samaritaan. Deur hierdie stories leer ons kleintjies dat God se liefde grensloos is, dat Hy ons soek en vind, en dat elke kind kosbaar en uniek is. Met sing, stories, bak en brou, lag en speel wil ons hê elke kind moet hierdie boodskap ontvang: God ken jou by die naam en Hy het vreugde in wie jy is.



InVia Kids help en ondersteun ons as ouers met die belangrike taak om kinders op te voed in die Woord van die Here. Hierdie vind plaas op interaktiewe manier deur lesse en speel. My seun sien uit daarna om InVia Kids by te woon!

InVia-mamma

#YoungTeens

"Belonging doesn't require us to change who we are; it requires us to be who we are."

Brené Brown

Ons Young Teens (Graad 5-7) het intussen op 'n reis deur temas van **identiteit en vriendskap** gegaan. Elke week het ons stilgestaan by wie God ons gemaak het om te wees, en hoe ons ware, eerlike en mooi verhoudings kan bou. Dit is besonders om te sien hoe hierdie groep oopmaak, diep vrae vra, en ontdek dat hulle uniek gemaak is, met 'n doel geroep is, en ten volle geliefd is net soos hulle is. Dis opwindend om te sien hoe ons weekliks stilte as geestelike praktyk ondersoek en hoe ons jonges dieper in dit insak.



Ons is só bemoedig om te sien hoe albei groepe elke Sondag vol opgewondenheid en blydskap opdaag – gereed om God se liefde op nuwe maniere te ervaar!



IN Aksie

By InVia Aksie sien ons onself as brugbouers tussen organisasies wat ongelooflike belangrike werk doen en ons InVia gemeenskap wat oor grense heen hul lewens met ander wil deel en 'n verskil wil maak. So raak ons die hande en voete wat in liefde saam net soveel meer kan vermag.



Ons is dankbaar vir elke Vineyard Huis-kind wie se **verjaarsdag ons kon vier**, die **voedsame pap wat aan drie kleuterskole uitgedeel word**, en **skryfbehoeftes** wat by Aitsa Nasorgsentrum, Vineyard Huise en in Smartie Town (Cloetesville) kinders toegerus het vir die nuwe skooljaar.

Ook vir **speelgoed** wat nuwe huise gekry het, kinders en tieners wat gementor word, wonderlike uitstappies, en gesprekke en aktiwiteite saam met die vrouens van Womanhood. Dit was ook weereens 'n fees om die **Vineyard Huise se kinders op 'n uitstappie te neem** vir blootstelling aan musiek (*drumming*), kuns en om lekker saam speletjies te speel. Kontak Hilke gerus indien jy 'n verskil wil maak deur InVia Aksie:

inviagemeente@gmail.com

Ek deel graag 'n vrywilliger se belewenis:

Theo het aan die begin van die jaar gepreek oor **'roeping' en die ongemak wat ons voel wat ons trek om by iets betekenisvol betrokke te raak** – iets wat 'n verskil in ander se lewens kan maak.

Dit is met hierdie ongemak dat ek my hand opgesteek het om vir Garnet Kabasele te help en by die Aitsanasorgprogram betrokke te raak. Met geen ondervinding, geen kurrikulum en feitlik geen idee wat hierdie sou behels nie ...


Dit is 'n voorreg om hulle te ondersteun: ek sien hoe jongmense groei, drome vorm en ontdek dat ook hulle die potensiaal het om die wêreld te verander, ongeag die moeilike pad wat hulle tot dusver moes stap.

Partykeer voel dit asof ek eintlik die een is wat meer leer deur hierdie proses. En die belangrikste les sover is dat ware vervulling kom nie van wat ek bereik nie, maar van wat ek vir ander kan beteken. Ek deel graag my tyd, kennis en ervaring, want ek weet 'n belegging in 'n jong lewe kan 'n impak hê wat ver strek – verder as wat ek ooit sal sien.

Vir my help dit om empatie te ontwikkel, nuwe perspektiewe te kry en my eie groei en lewensdoel beter te probeer verstaan, een stap op 'n slag.

Eddie


Maak 'n verskil:



"My hart voel
ontstuiinig..."


Daar is die afgelope week 4
mense in die gemeenskap
aan geweld oorlede.

Ons maak stres-balletjies
en leer wat ons prakties
kan doen om ons
spannings-vlakke te
reguleer, waarvan
bymeekaarkom, mekaar in
die oë kyk, stories deel en
in die natuur wees groot
deel uitmaak.





"Beloved is where
we begin..."

Ons het 'n string harte
gemaak om onself te
herinner dat ons reeds
geliefd is, en
Valentynsdag treats om
in gemeenskap uit te deel
en ander te herinner hul
is geliefd....



Die klanke van
InKonsert 2024 klink
steeds voort in 'n
wegbreekmiddag
van lekker kos,
kuns, dromme,
ritmes en
sokker.




Ons lag saam, leer
om na mekaar te
luister tussen
elkeen se
dromklanke en
speel ons harte
uit in die
sokkerwedstryd
met twee balle!



Baie dankie weereens
aan al die vrywilligers
wat hierdie middag
moontlik gemaak het.





Ons vier groot
verjaarsdae by
Vinexard Huise

InVia is dankbaar vir elke voedsame ontbyt wat ons vir die kinders kan voorsien, en die verandering wat dit in elke kind se lewe maak.

Gee 'n kind 'n voorsprong met 'n bordjie PAP!

In die komende jaar gaan ons **60 dromme** voedingsryke pap versprei om kinders se gesondheid en leervermoë te versterk.

Ons het al befondsing vir 21 dromme, maar **ons kort nog 39 dromme** @ R900 per drom.



Hierdie pap bring lewenskragtigheid terug – ons sien hoe kinders se ogies begin skitter, hul energie toeneem en hul eetlus en gesondheid verbeter. **Dit gaan nie net oor kos nie, maar oor 'n toekoms vol moontlikhede.**

Help ons om die verskil te maak. Skenk vandag



Vir meer inligting oor die projek kontak inviageemeente@gmail.com of besoek gerus www.invia.org.za/aksie

Vir finansiële ondersteuning, gebruik die verwysing: **PAP**





"The contemplative life is not
— **and cannot be** —
a mere withdrawal.

*It is a deepening
of the present."*

Thomas Merton

WAT LÊ VOOR

18-21 Mei 4-Dag Onderskeidingstydperk
24 Mei InAdventure Kaappunt-stap en skons eet

Paasaweek by InVia:

In Persoon dienste - Weltevreden Estate:

Goeie Vrydag | 18 April | 10:00
Opstanding Sondag | 21 April | 10:00

InGemeen (aanlyn dienste) - Youtube kanaal:

Goeie Vrydag | 18 April | vanaf 8:30
Opstanding Sondag | 21 April | vanaf 8:30

LEES MEER

www.inviagemeente.com
inviagemeente@gmail.com
inviakaapstad@gmail.com



invia stellenbosch



inviastellenbosch



InVia Kaapstad



inviakaapstad



invia gemeente



invia gemeente